HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1. AGTERGROND

Die strewe van die mens om sy geheime teen openbaring aan andere te beskerm, is nie ‘n aangeleentheid wat met die ontwikkeling van die inligtingsera skielik na vore getree het nie. Hierdie strewe kan na die ontstaan van die beskawing teruggevoer word. Reeds so lank as vier duisend jaar gelede, terwyl die mens se instink hoofsaaklik op selfbehoud en oorlewing gefokus was, word ‘n legende gevind wat as die Eleusiniaanse geheim bekend staan. Die eertydse Grieke het die inwoners van Athene deur ‘n vreesaanjaende hergeboorte ondervinding laat gaan ten einde die inwoners by die groter gemeenskap in te lyf. Volgens Sophocles kon slegs diegene aan wie die raaisel tydens die inlywingsaand openbaar is, die boosheid van Hades oorleef en ‘n ware lewe geniet. Hierdie besondere visie wat deur die deelnemers ondervind is, het nie net hulle lewens totaal verander en hulle gemeenskaplik saamgesnoer nie, maar het ook antwoorde vir die individue se persoonlike probleme en die staat se politieke probleme verskaf. Die ingelyfdes was egter tot geheimhouding gesweer oor alles wat hulle gedurende hierdie nag van rituele gesien of beleef het. Die wette van Athene het enige openbaring van wat tydens die Eleusiniaanse raaisels gebeur het as ‘n misdryf beskou. Die behoud van hierdie geheim is as krities vir die welstand en sekuriteit van die inwoners van Athene beskou. Die sleutel tot die geheim was die heilige sampioen, wat as ‘n hallusinerende middel ingeneem is, ten einde toegang tot die heilige wêreld van Eleusis te verkry[1].

[1] Sien Wasson et al, 11 en 56-57; asook Eells en Nehemkis, 4-5.

As teenkant vir die mens se strewe tot geheimsinnigheid is die mens se soeke na kennis. Namate die mens se stryd tot oorlewing begin afneem het en namate handel gegroei het, het die mensdom se soeke na kennis toegeneem. Aangesien kennis beide mag en rykdom tot gevolg kan hê, het die stryd om kennis te bekom ontwikkel en toegeneem. Hierdie stryd om kennis te bekom word gekenmerk deur wedersydse spioenasie ten einde mekaar se geheime te steel.

Hoewel spioenasie geskiedkundig hoofsaaklik met tye van oorlog geassosieer word en dus op militêre inligting, wat noodwendig troepebewegings, wapentuig-vermoëns en militêre strategieë sal insluit[2], toegespits word, is spioenasie tussen handelsmededingers nie uitgesluit nie.

So word gevind dat die diefstal van kommersiële geheime, in samehang met spioenasie wat deur lande ter beskerming van staatsveiligheid gepleeg is, ook reeds vanaf die vroegste tye begin posvat het. ‘n Voorbeeld hiervan is die tegnologiese geheim van hoe om sy te maak, welke geheim reeds in die vroegste tyd van die Chinese gesteel is[3]. ‘n Chinese prinses het sywurms op ‘n oorsese reis gesmokkel en dit aan ‘n Indiese geliefde gegee. Vir die Chinese was die geheimhouding van syproduksie so belangrik dat die voorgestrewe straf vir die openbaarmaking daarvan aan ‘n buitestander, dood deur marteling was.

Net so is die proses om porselein te vervaardig deur ‘n Fransman, Vader Francis Xavier d’Entrecolles, in die agtiende eeu van die Chinese gesteel. ‘n Franse fabriek vir die vervaardiging van porselein het na etlike onsuksesvolle eksperimente om porselein te vervaardig, met gebruikmaking van die gesteelde geheim, uiteindelik sukses behaal in die vervaardiging van porselein. ‘n Engelse spioen het egter hierdie bepaalde geheim vanaf die fabriek in Frankryk gesteel nadat hy die Franse fabriek infiltreer het. Op hierdie wyse is die Engelse in staat gestel om vir dekades die vervaardiging van porselein te oorheers[4].

---

[2] Benade, 524; Sepura, 129.

[3] Sepura, 129.

[4] Sepura, 129 - 130.

Na die Tweede Wêreldoorlog en tydens die koue oorlog het die fokuspunt van die spioenasiebedryf begin verskuif. Spioenasie was op hierdie stadium hoofsaaklik daarop gerig om oorlog en ander staatsbedreigings te voorkom. Inligting wat kon bydra tot die beveiliging van lande teen bedreigings deur ander lande was die fokuspunt. Aangesien die VSA en die USSR die twee grootste moondhede was, het hierdie posisie veral tussen hierdie twee opponerende dominante ideologieë, naamlik kapitalisme en kommunisme, gegeld.

Die koue oorlog het ‘n hoog gespesialiseerde en gevorderde wapen-tegnologiese ontwikkeling by beide moondhede tot gevolg gehad, wat gelei het tot ‘n intensiewe spioenasieveldtog tussen die twee moondhede. Die spioenasieveldtog was nie net op mekaar se tegnologiese ontwikkeling toegespits nie, maar ook op die politieke ontwikkeling en nasionale strategieë van die moondhede. Die wedloop na kerntegnologie het hierdie spioenasieveldtog net aangevuur. Die spioene was op daardie stadium beide regeringsgesanksioneer en regeringsopgelei.

Tegnologiese vooruitgang het na die Tweede Wêreldoorlog ‘n aansienlike invloed op die metodes wat deur die intelligensiedienste gebruik is gehad. Rekenaars, verkenningsatelliete en ander ruimte-eeu-verwante ontdekkings het in verskeie omstandighede toegelaat dat masjiene sekere agente in die veld kon vervang. Sekere verdere ontwikkelinge in tegnologie het selfs toegelaat dat ‘n groot gedeelte van die aarde se oppervlakte tegnologies dopgehou kon word[5].

Soos tegnologiese ontwikkeling voortgegaan het kon lande nie meer met soveel gemak vanaf ‘n staat van vrede na ‘n staat van oorlog oorgaan nie. ‘n Land was nie meer in staat om uiteenlopende voorbereidings vir oorlog te tref sonder dat sy teenstanders dit opmerk nie. Die fokuspunt het dus op hierdie stadium, veral na die koue oorlog, van militêre paraatheid na die beskerming en ontwikkeling van lande se tegnologiese vermoëns verskuif. Lande se ekonomiese en nasionale veiligheid word as interafhanklik van mekaar geag en die klem van

[5] Eells en Nehemkis, 31.

spioenasieaktiwiteite het sodoende vanaf militêre ontwikkeling na ekonomiese ontwikkeling verskuif.

Lande se beveiligingsbeleid was nou nie net op die ontwikkeling van hul eie tegnologie gerig nie, maar ook op spioenasie van ander lande se tegnologiese ontwikkeling[6]. Internasionale verdrae vir die ontwapening van lande, veral lande se kernwapens, het na vore getree. Die Verenigde Nasies het selfs die bevoegheid ontvang om inspeksies uit te voer ten einde te bepaal of lande se kernwapens en wapens van massavernietiging afgetakel is.

Hoewel spioenasie tussen lande hoogty gevier het, was die spioenasie wat tussen mededingende besighede plaasgevind het, nie ver agter nie. By lande soos Japan, die Sowjet-Unie, Wes Europa en die VSA wat in ‘n stryd om ekonomiese oorheersing gewikkel was, het wedersydse industriële spioenasie tussen mekaar al hoe groter afmetings begin aanneem. ‘n Land se ekonomiese welstand is afhanklik van die ekonomiese welstand van die besighede wat binne daardie land besigheid bedryf en binne daardie land belê.

Tans is die posisie sodanig dat by die bepaling van wêreldleierskap die ekonomiese mag van ‘n moondheid by verre meer belangrik is as blote militêre mag. Internasionale geskille handel toenemend oor ‘n stryd tot ekonomiese en kommersiële sukses van die betrokke lande. Ten einde hierdie ekonomiese of kommersiële sukses te bereik word gevind dat lande wedersyds tegnologiese, wetenskaplike en kommersiële geheime steel[7].

Die belangrikheid van hierdie geheime, wat uit inligting bestaan, word deur Davis en Hutchinson[8] beklemtoon. Volgens hulle draai die wêreld om inligting en is dit die een ware internasionale geldeenheid. Die beskerming en beheer van

---

[6] Sepura, 127.

[7] Witkow, 451.

[8] Davis en Hutchinson, 51.

sensitiewe inligting en inligting waaroor ‘n eiendomsreg gehou word, is die kern van enige besigheid se sukses. Vir baie besighede in die inligtingsera is die inligting waarop hulle steun om ‘n mededingende voordeel te behou, hul enigste ware bate (behalwe dalk hul werknemers).

Malan[9] lê veral klem op die noodsaaklikheid dat inligting beskerming verleen moet word. Volgens Malan was inligting nog altyd waardevol, hoewel die betekenis daarvan na die koms van die rekenaar oneindig toegeneem het. Hy meen dat inligting die nuwe gestalte van rykdom is en dat die grootskaalse berging, verwerking en kommunikasie daarvan deur die rekenaar, dit nou plotseling juridies relevant gemaak het.

Sieber[10] sien inligting as ‘n afsonderlike bate en meen dat in ooreenstemming met moderne ‘cybernetics and informatics’ die nuwe konsep van ‘information law’ inligting as ‘n derde fundamentele faktor langs materie en energie erken. Hy ontleed die konsep inligting as beide ‘n nuwe ekonomiese, kulturele en politieke bate.

1.2 AFBAKENING VAN DIE ONDERWERP

Die onderwerp van hierdie proefskrif, synde strafregtelike beskerming van inligting, is besonder wyd. Daar bestaan ‘n menigte regsreëls en wetgewende bepalings wat op een of ander wyse met die strafregtelike beskerming van inligting in verband staan. In die Suid-Afrikaanse wetgewing is daar byvoorbeeld verskeie bepalings wat ‘n verbod op die openbaring van inligting plaas. Hierdie bepalings maak voorsiening dat ‘n persoon wat ingevolge die bepaalde wet optree ten einde sy pligte en bevoegdhede uit te oefen, nie die inligting wat hy of sy tydens die uitoefening van sodanige pligte en bevoegdhede bekom het, aan andere mag openbaar nie. Indien die persoon die inligting wel openbaar is hy of

[9] Malan, 215 – 217.

[10] Sieber, 16 ev.

sy aan ‘n misdryf skuldig[11]. Die misdrywe wat geskep word handel oor spesifieke persone in spesifieke beroepsklasse en nie met die strafregtelike beskerming van inligting in die algemeen nie. Aangesien hierdie bepalings geen verdere insigte ten opsigte van die probleemstellings wat in hierdie proefskrif aangespreek word, verleen nie en die lengte beperkings dit nie toelaat nie, is al hierdie wetsbepalings nie uiteengesit en behandel nie. Sekere wetgewende bepalings wat relevant tot die onderwerp van die proefskrif geag word, is wel kortliks bespreek[12].

Die fokus van hierdie proefskrif is tweeledig en val eerstens op die aard van inligting *per se*. Inligting *per se* is uit die aard daarvan wesenlik anders as liggaamlike eiendom of liggaamlike besittings. Juis as gevolg van hierdie besondere aard van inligting sal ‘n ontleding van die begrip ‘inligting’ en verwante begrippe gedoen word, ten einde ‘n algemeen aanvaarde begrip van wat inligting behels te verkry. Inligting soos dit in die algemeen verstaan word, behels nie noodwendig dieselfde begrip as die omvang van inligting waaraan die reg regsgevolge sal heg nie. Die kwaliteite waaraan inligting behoort te voldoen voordat strafregtelike beskerming daaraan verleen sal word, word vasgestel. Om hierdie kwaliteite vas te stel sal die Suid-Afrikaanse reg, wat insluit die misdaad van diefstal, onregmatige mededinging, kontrakte- en delikte reg, verskeie wetgewende bepalings, asook ander lande se regstelsels ondersoek word.

Inligting waaraan die reg regsgevolge kan heg en wat deur wetgewing strafregtelike beskerming verleen behoort te word, sal na aanleiding van sodanige kwaliteite bepaal en in ’n definisie van beskermwaardige inligting omskryf word. Beskermwaardige inligting is ’n nuwe woord wat geskep word ten einde ’n bepaalde onafhanklike nuwe begrip te verteenwoordig.

Daar is reeds gesien dat ekonomiese en industriële spioenasie te doen het met die diefstal van inligting, hoewel die wyses waarop die diefstal gepleeg word

---

[11] Sien byvoorbeeld artikel 14 van die Wet op Skadelike Sakepraktyke, Wet 71 van 1988.

[12] Sien Hoofstuk 8.

uiteenlopende optredes behels en nie beperk is tot die tradisionele wyses waarop diefstal van liggaamlike goedere plaasvind nie. In 1966 reeds het een kommentator opgemerk dat die beskerming van handelsgeheime seker die enigste beskikbare verdediging teen misbruik van waardevolle besigheidsinligting is en het hy meer spesifiek opgemerk dat 'the prevention of industrial espionage has heretofore been intimately intertwined with the law of trade secrets'[13]. Die bron van die ekonomiese voorspoed van lande, asook die besighede binne lande is tans inligting en as sodanige val geweldig baie klem op handelsgeheime. Aangesien industriële en ekonomiese spioenasie reeds in wetgewing wat oor handelsgeheime handel, aandag ontvang het, is dit sekerlik 'n goeie afskopplek om hierdie nie-strafregtelike beginsels te oorweeg indien die strafregtelike beskerming van inligting waarin industriële en ekonomiese spioene sou belangstel, oorweeg wil word.

Wetgewing en nie-strafregtelike beginsels wat oor handelgeheime handel sal dus 'n sentrale en deurlopende tema in hierdie proefskrif vorm, ten einde te bepaal of sodanige bepalings en beginsels tot 'n beter begrip van die bepalings en beginsels wat in die strafreg geïmplementeer moet word kan bydrae. Die bespreking van handelsgeheime in die onderskeie lande se regstelsels sal verder gebruik word as hulpmiddel om te bepaal welke inligting beskermwaardig is en ook om kennis te bekom ten einde beskermwaardige inligting[14] te omskryf.

Handelsgeheime, vertroulike inligting en beskermwaardige inligting word dus nie in hierdie studie as sinonieme gebruik nie. Terwyl handelsgeheime geheime van die handel behels, is vertroulike inligting 'n wyer begrip wat selfs geheime buite die handel omvat. Beskermwaardige inligting is onder andere inligting wat die potensiaal het om in die handelsverkeer aangewend te kan word.

---

[13] Tucker, 250.

[14] 'n Spesifieke woord word in hierdie proefskrif geskep ten einde 'n bepaalde begrip te omskryf; sien Hoofstuk 12, par 12.3.3.

Na aanleiding van die bepaalde aard van inligting sal die fokus van hierdie proefskrif tweedens val op die vraag of ‘n persoon wat onliggaamlike inligting steel ingevolge die misdaad van diefstal vervolgbaar is. Daar is tans geen misdryf in die Suid-Afrikaanse strafreg wat uitgelê kan word om ook die wederregtelike en opsetlike verkryging van inligting *per se* strafbaar te stel nie. Volgens Suid-Afrikaanse regskrywers[15] en verskeie hofbeslissings kan die gemeenregtelike misdaad van diefstal nie uitgebrei word om ook die diefstal van onliggaamlike inligting in te sluit nie. Die meriete van hierdie opinies word ondersoek en meer breedvoerig bespreek[16] ten einde te bepaal in hoeverre, indien enigsins, ‘n persoon ingevolge die Suid-Afrikaanse gemeenregtelike misdaad van diefstal vir die diefstal van inligting vervolg kan word.

Daar sal aangetoon word dat die gemeenregtelike misdaad van diefstal tog in sekere omstandighede, waar die inligting in ‘n liggaamlike voorwerp bevat is, voldoende vir die vervolging van ’n persoon op ’n aanklag van diefstal van inligting is. Verder sal aangetoon word dat die gemeenregtelike misdaad van diefstal alreeds voldoende uitgebrei is om ook in bepaalde omstandighede, waar die inligting die houer of besitter permanent ontneem word, die diefstal van onliggaamlike inligting *per se* in te sluit. Derdens sal die geval waar die inligting bloot gekopieer word, terwyl dit steeds in die houer of besitter se besit bly ondersoek word en sal aanbeveel word dat strafregtelike sanksies wel ingestel moet word om in hierdie gevalle te vervolg.

Daar is besluit om in hierdie proefskrif verder klem te lê op die twee redes hoekom ’n persoon nie ingevolge die misdaad van diefstal vir die diefstal van inligting vervolg kan word nie. Meer spesifiek op die vraag of onliggaamlike inligting die objek van diefstal kan vorm. En tweedens of die vereiste, dat die dief met die opset moes opgetree het om die slagoffer permanent van sy eiendom te ontneem, aan voldoen kan word indien die objek van die handeling onliggaamlike inligting is.

---

[15] Sien Hoofstuk 9.

[16] Sien Hoofstukke 10 en 11.

Die ander regstelsels sal verder ondersoek word om te bepaal hoe, indien enigsins, hierdie regstelsels die wederregtelike en opsetlike verkryging van inligting hanteer. Bestaan daar dus misdrywe in die ander regstelsels wat die diefstal van inligting verbied en indien wel wat is die regsbasis waarop dit as ‘n misdryf erken word. Aangesien die diefstal van inligting of die verduistering van inligting nie uitdruklik ingevolge enige misdrywe erken word nie, word die nie-strafregtelike beginsels vervat in hierdie ander regstelsels ook bespreek ten einde te bepaal welke handelinge as onregmatig geag word. Die nie-strafregtelike beginsels in die Suid-Afrikaanse reg sal nagevors word om vas te stel of daar nie reeds voldoende beskerming aan inligting in die Suid-Afrikaanse reg verleen word nie. ‘n Korrelasie tussen die onregmatige handelinge wat in hierdie nie-strafregtelike beginsels gevind word en die wederregtelike handelinge wat ‘n misdryf van diefstal van inligting daar kan stel, word getref.

Alhoewel hierdie besluit meebring dat ander belange, soos of inligting as eiendom geklassifiseer kan word of nie, minder aandag binne die beperkings van hierdie proefskrif sal ontvang, is hierdie besluit geneem in die oortuiging dat hierdie benadering ‘n meer sinvolle bydrae tot die regswetenskaplike debat oor die strafregtelike beskerming, wat aan inligting verleen behoort te word, sal lewer. Hierdie aspekte word uitgesonder vir volledige ontleding ten einde in staat te wees om ‘n aanbeveling te kan maak aangaande die wenslikheid om die diefstal van inligting so te kriminaliseer om spesifiek te handel met die wederregtelike en opsetlike verkryging van onliggaamlike inligting.

Die keuse om die klem op hierdie aspekte te lê, is gemaak in die lig van die feit dat die ontwikkeling wat op die gebied van rekenaartegnologie in die jongste tyd ondergaan is, meegebring het dat daar vandag ‘n groot leemte in die Suid-Afrikaanse strafreg voorkom veral by die diefstal van onliggaamlike inligting. Aangesien handelgeheime reeds in nie-strafregtelike beginsels as ‘n objek wat vir beskerming vatbaar is geïdentifiseer is, sal spesifieke aandag aan die posisie van handelsgeheime geskenk word.

Hoewel spioenasie die metode is wat hoofsaaklik gebruik word om inligting te bekom, is hierdie nie ‘n studie na die metodes om inligting te verkry nie. Verder is hierdie nie ‘n studie wat fokus op net daardie inligting wat op rekenaarstelsels vervat word nie, maar word daar gefokus op inligting in die algemeen waaraan regsgevolge geheg kan word. Die bewysregtelike aspekte van inligting word ook nie behandel nie. Die fokus is nie op die spesifieke persoon wat die inligting bekom of verkry nie en so ook nie op sy motivering vir sodanige handeling(e) nie.

Daar sal kortlik verwys word na die vraag of inligting eiendom vir doeleindes van die privaatreg en die strafreg is. Hierdie is ‘n onderwerp vir onafhanklike intensiewe navorsing en daar sal nie gepoog word om ‘n antwoord hierop te verskaf nie. Die uitgangspunt is egter dat inligting nie eiendom vir doeleindes van die strafreg in Suid-Afrika is nie en derhalwe sal na die regmatige houer of besitter van inligting verwys word.

1.3 PROBLEEMSTELLINGS

In die lig van die afbakening van die onderwerp, wat in hierdie proefskrif aangespreek word, het die volgende probleemvrae sigself vir beantwoording voorgedoen:

(1) Wat behels die begrip ‘inligting’ in die algemeen en bestaan daar ‘n algemeen aanvaarde omskrywing van inligting waaraan die reg regsgevolg sal heg? En indien nie, wat behoort sodanige omskrywing te behels?

(2) Aan welke vereistes moet inligting voldoen voordat strafregtelike beskerming daaraan verleen behoort te word en verleen die beskerming wat aan handelsgeheime verleen word enige riglyne in die verband?

(3) Wat is die omvang van die regsbeskerming wat tans in die Suid-Afrikaanse reg en sekere ander regstelsel aan inligting verleen word en

kan sodanige beskerming bydra tot enige beskerming wat ingevolge die Suid-Afrikaanse strafreg aan inligting gebied behoort te word of is die nie-strafregtelike bepalings vir die beskerming van inligting voldoende om inligting in Suid-Afrika te beskerm?

(4) Om welke rede word ‘n persoon tans in Suid-Afrika nie ingevolge die gemeenregtelike misdaad van diefstal vir die wederregtelik en opsetlik verkryging van inligting, wat aan ’n ander behoort, vervolg nie?

(5) Kan die bestaande gemeenregtelike definisie van diefstal uitgebrei word om die diefstal van sekere inligting in te sluit en indien wel, wat behoort die uitbreiding te behels?

(6) Welke aanbevelings kan gedoen word om strafregtelike maatreëls in te stel vir die wederregtelike en opsetlike verkryging van inligting wat nie ingevolge die gemeenregtelike misdaad van diefstal aangespreek kan word nie?

1.4 HIPOTESES

In hierdie proefskrif sal gepoog word om te bewys dat bovermelde probleemvrae soos volg beantwoord kan word:

(1) Hoewel daar geen algemeen aanvaarde omskrywing van die begrip ‘inligting’ bestaan nie, word ‘n algemene omskrywing van die begrip ‘inligting’ waaraan die reg regsgevolge sal heg, voorgestel as synde enige idee, of data, of samestelling van idees en/of data wat buite die mens geleë is en wat op die een of ander voorwerp of onderwerp betrekking het.

(2) ’n Term om al daardie kwaliteite waaraan inligting moet voldoen, om op strafregtelike beskerming aanspraak te maak, te omvat is noodsaaklik ten einde in staat te wees om net die term te gebruik en sodoende al die

bepaalde kwaliteite te impliseer. Beskermwaardige inligting is ’n gepaste term vir hierdie doel. Om as beskermwaardige inligting te kwalifiseer moet dit nie algemeen bekend wees nie; moet dit die een of ander waarde vir die houer of regmatige besitter daarvan hê en moet dit die potensiaal hê om in die handelsverkeer aangewend te word.

(3) Die strafregtelike bepalings in die lande wat deel van hierdie studie vorm verleen nie ’n basis waarvolgens ’n persoon suksesvol vir die diefstal van inligting in Suid-Afrika vervolg kan word nie. Die nie-strafregtelike basis waarop inligting beskerm word, is insiggewend om byvoorbeeld te bepaal welke kwaliteite inligting moet hê ten einde op beskerming staat te maak. Hierdie beskerming is hoofsaaklik gegrond op ’n kontraktuele verhouding tussen die partye of op ’n voorafgaande vertrouensverhouding tussen die twee partye. Die delik van onregmatige mededinging is aan eisers beskikbaar in sekere van die regstelsels, maar in ander lande is daar nie ’n aksie vir die onregmatige of onbehoorlike verkryging van inligting aan die slagoffer beskikbaar nie.

Hoewel regsbeskerming in spesifieke wette van Suid-Afrika teen die bekendmaking van inligting onder bepaalde omstandighede toegestaan word, konsentreer hierdie wetgewing op die wyses waarop die inligting verkry word en nie op die spesifieke inligting wat verkry word nie. In die Suid-Afrikaanse reg, anders as die strafreg is die regsbeskerming van inligting tans voldoende en bestaan dit hoofsaaklik uit spesifieke wetgewende bepalings soos byvoorbeeld vervat in die Wet op Outeursreg en die Wet op Patente, maar gemeenregtelik word regsbeskerming van inligting hoofsaaklik op die grondslag van onregmatige mededinging as delik gebaseer. Die regsbeskerming in die Suid-Afrikaanse kontraktereg en delikte reg is voldoende, maar die regsbeskerming wat deur die strafreg gebied word, is geensins voldoende nie en in die lig van die toenemende tegnologiese ontwikkeling behoort die strafregtelike beskerming van inligting aangespreek te word.

(4) Persone word hoofsaaklik om twee redes nie in die Suid-Afrikaanse reg vir die diefstal van inligting vervolg nie. Eerstens omdat onliggaamlike inligting in die strafreg vir doeleindes van die gemeenregtelike misdaad van diefstal nie as 'n saak, wat vir diefstal vatbaar is, geag word nie. Tweedens omdat onliggaamlike inligting gewoonlik net gekopieer word ten einde dit in die hande te kry en deur bloot die inligting te kopieer bly die inligting in besit van die persoon van wie dit gekopieer word en verkry die dader ook dieselfde inligting. Gevolglik kan die dader nie die houer permanent van die inligting ontneem nie en kan daar nie aan die opsetsvereiste van die misdaad, dat die dader die opset moet hê om die eienaar permanent van die saak te ontneem, voldoen word nie.

(5) Op dieselfde beginsels waarop die misdaad van diefstal reeds uitgebrei is, om voorsiening te maak vir die diefstal van onliggaamlike geld, kan die definisie van Snyman[17] aangepas word om ook onliggaamlike sake in te sluit. Dit sal tot gevolg hê dat enige onliggaamlike objek, wat die houer daarvan permanent ontneem kan word, vatbaar is vir diefstal soos wat dit tans in die definisie van die misdaad van diefstal omskryf word. Die onliggaamlike objek elektrisiteit dien as voorbeeld hiervan. Enige inligting wat die houer daarvan permanent ontneem word, sal die objek van die gemeenregtelike misdaad van diefstal kan vorm, indien Snyman[18] se definisie aangepas word om ook onliggaamlike objekte in te sluit.

(6) Onliggaamlike inligting wat onder omstandighede verkry word, waar dit nie die houer van die inligting permanent ontneem word nie, maar dit slegs gedupliseer of gekopieer word, is nie vatbaar vir diefstal ingevolge die definisie van diefstal soos dit nou daaruit sien nie. Dit is noodsaaklik dat wetgewing verorden word, ingevolge waarvan die wederregtelike en opsetlike verkryging van beskermwaardige inligting strafregtelik

[17] Snyman (1).

[18] Snyman (1).

aangespreek word. 'n Omskrywing van so 'n misdryf kan uit hierdie studie voorgestel word.

1.5 METODIEK

Vanweë die aard van die vraagstukke wat in hierdie studie aangespreek word, is verskillende navorsingsmetodes gevolg.

Eerstens ten einde 'n begrip te vorm van die regsbasis waarop inligting in ander regstelsels beskerming verleen word, is 'n regsvergelykende ondersoek onderneem. Die regsvergelykende metode is daardie unieke, sistematiese, regswetenskaplike werkmetode wat aangewend word om na aanleiding van die ooreenkomste en verskille tussen die onderskeie regstelsels waarop dit toegepas word, tot nuwe kennis daaroor te kom[19]. Die navorser wat van hierdie metode gebruik maak kan deur afstand op sy of haar eie regstelsel te verkry sodanige regstelsel beter leer ken, omdat dit sodoende vir hom of haar moontlik word om te relativeer en tot objektiewer gevolgtrekkings oor die sterk en swak punte daarvan te kom. Die regsvergelyker kom dan ook meestal spoedig tot die besef dat die benaderingswyse wat deur sy of haar eie regstelsel gevolg word, nie die enigste of noodwendig die beste benadering is nie. Die gevolg hiervan is dat die eie regstelsel beter leer ken en begryp word, asook dat sinvoller pogings tot regshervorming daardeur moontlik gemaak word[20]. Die regsvergelykende navorsingsmetode is dus gebruik te einde te poog om hierdie probleem, waaroor daar geen gesag in die Suid-Afrikaanse reg is nie, op te los en 'n sinvolle voorstel daaroor te kan maak.

Daar sal ten opsigte van meeste van die onderskeie regstelsels wat ondersoek word, aangetoon word wat die regsbasis van beskerming in sowel die strafreg as ander gebiede van die reg is. 'n Regsvergelykende ondersoek word ook getref

---

[19] Venter et al, 213.

[20] Ibid, 214-215.

aangaande die hantering van inligting as synde eiendom (of nie) in die onderskeie regstelsels. Die onderskeie regstelsels sal egter ook ondersoek word deur ‘n krities-analitiese benadering te volg ten einde vas te stel of enige van die regstelsels tans voldoende strafregtelike beskerming aan inligting verleen en of dit ‘n werkbare oplossing vir die strafregtelike beskerming van inligting in Suid-Afrika daar kan stel.

‘n Regshistoriese navorsingsmetode sal gevolg word om te bepaal wat die oorsprong van die misdaad diefstal soos dit tans in die Suid-Afrikaanse reg voorkom, is. Aangesien die Suid-Afrikaanse reg nie in hierdie verband gekodifiseer is nie en dus grotendeels in gemeenregtelike bronne te vinde is, word daar van die regshistoriese metode gebruik gemaak om enersyds die historiese grondslae, maar andersyds ook die ontwikkelingsgang van bepaalde kontemporêre regsnorme vas te stel. Die aanwending van hierdie metode skep gevolglik enersyds die verklaringsraamwerk vir die huidige regsposisie en andersyds die basis waarop sinvol regsvergelykende ondersoek na die hantering van dieselfde problematiek in histories-verwante regstelsels kan geskied[21]. Die beskerming wat aan onliggaamlike sake in die gemene reg verleen is en die beskerming daarvan in die Suid-Afrikaanse sakereg sal ook kortliks aandag kry, ten einde te bepaal of die strafregtelike beskerming van onliggaamlike objekte enigsins ‘n bestaansreg in die gemeenregtelike beginsels het.

Die keuse van regstelsels het hoofsaaklik geval op dié wat binne die ‘common law’ regstelsels val, aangesien die Suid-Afrikaanse strafreg sy oorsprong in hierdie stelsel het. Hoewel ‘n regsvergelykende studie wat in die agtiende eeu onderneem is, bloot op die reg soos dit in die Britse eilande bestaan het kon konsentreer en die reg wat op daardie stadium in Noord-Amerika gevind is, kon ignoreer (want die twee stelsels was op daardie stadium soortgelyk) is die posisie vandag aansienklik anders. Engeland is sonder twyfel die moedersisteem as dit by die ‘commom law’ regstelsels kom. Die VSA het egter so ‘n onderskeidende ontwikkelingstyl beleef, hoewel dit steeds binne die ‘common law’ familie gebly

[21] Venter et al, 162.

het, dat ‘n regsvergelykende studie tekort sal skiet indien dit slegs die Engelse reg ter uitsluiting van die Amerikaanse reg sou ondersoek[22]. Verskeie hofbeslissing in die Suid-Afrikaanse reg, veral die Suid-Afrikaanse siviele reg, verwys telkens na beslissings wat óf deur Engelsregtelike howe óf in die Amerikaanse howe gelewer is. Uit die kontinentale regstelsels is die Nederlandse regstelsel gekies om ‘n regsvergelykende studie met die Engelse, Amerikaanse en Kanadese reg te onderneem.

1.6 STRUKTUUR

In Hoofstuk 2 word inligting onderskei van verbandhoudende begrippe soos data, idees en kennis, waarna die aard en eienskappe van inligting in die algemeen ondersoek word. Die belangrikheid van inligting en die voorkoms daarvan in die besigheidswêreld word kortliks aangeraak om die plek van inligting in die samelewing te beklemtoon. ’n Omskrywing van inligting waaraan die reg regsgevolge behoort te heg word gewaag.

In Hoofstukke 3, 4, 5 en 6 word nagegaan of die strafreg in die Engelse, Amerikaanse, Kanadese en Nederlandse regstelsels beskerming aan inligting verleen of nie. Die strafregtelike en nie-strafregtelike beskerming (indien enige) wat aan inligting in hierdie regstelsels verleen word, word ondersoek. Indien gevind is dat daar wel beskerming aan inligting verskaf word, is die regsbasis van sodanige beskerming bepaal. Verder is die omskrywings wat aan sodanige inligting verleen word, wat wissel tussen handelsgeheime en vertroulike inligting, vasgestel.

Die nie-strafregtelike beskerming wat in die Suid-Afrikaanse kontrakte en delikte reg aan inligting verskaf word, is in Hoofstuk 7 nagegaan. Die omstandighede waaronder kontraktuele en deliktuele beskerming aan inligting verleen sal word, is bepaal. Die begrip ‘vertroulike inligting’ soos wat dit in die delikte reg na vore kom en onregmatige mededinging as ’n deliktuele aksiegrond is bespreek.

[22] Zweigert en Kötz, 247.

Hoofstuk 8 bevat ‘n verwysing na sekere wetgewing wat in die Suid-Afrikaanse reg voorkom, ten einde te bepaal of inligting nie reeds in hierdie wetgewing voldoende beskerming verleen word nie.

In Hoofstuk 9 is die ontstaan en ontwikkeling van die misdaad diefstal soos dit vandag in die Suid-Afrikaanse reg voorkom bepaal en is die elemente van die misdaad diefstal kortliks uiteengesit. Die eerste struikelblok hoekom ‘n persoon nie vir die diefstal van inligting vervolg kan word nie, synde dat inligting onliggaamlik van aard is en dus nie as objek van ‘n diefstalhandeling erken word nie, word in Hoofstuk 10 aangespreek. Die uitbreiding van die misdaad diefstal om onliggaamlike geld as objek van die diefstal handeling te erken is ondersoek. ‘n Betoog word gelewer oor hoekom die diefstal van onliggaamlike objekte moontlik behoort te wees. ‘n Definisie van die misdaad diefstal om ook die diefstal van ander onliggaamlike objekte (wat die reg eintlik reeds erken het) in te sluit, word voorgestel. Verder word vasgestel of onliggaamlike objekte ook as deel van die begrip saak geag kan word en of inligting in die Suid-Afrikaanse reg as eiendom kan kwalifiseer of nie.

In Hoofstuk 11 is die tweede struikelblok oor hoekom ’n persoon nie vir die diefstal van inligting vervolg kan word nie, synde dat nie bewys kan word dat die dader met die opset om die inligting permanent te ontneem opgetree het nie, bespreek.

In Hoofstuk 12 word, met inagneming van daardie gevalle waar inligting nie ingevolge die misdaad diefstal vervolg kan word nie, ‘n voorstel gemaak aangaande die strafregtelike beskerming van inligting. ‘n Definisie van beskermwaardige inligting, wat geskik is om as objek van ‘n diefstalhandeling te dien, word voorgestel en nadat al die elemente van ‘n voorgestelde misdryf bespreek is, word ‘n misdryf van diefstal van beskermwaardige inligting voorgestel.

Hoofstuk 13 is ’n samevatting van die gevolgtrekkings op die probleemstellings wat in Hoofstuk 1 gestel is.